# Studiebrief 101/3/2018

## Monetêre Ekonomie III

# ECS3701

## Semesters 1 en 2

## Departement Ekonomie

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting oor u module.

BARCODE

Define tomorrow.

UNISA university of south africa

# INHOUD


**1 INLEIDING .......... 3**
1.1 Studiemateriaal .......... 3

**2 MODULEDOELWIT EN UITKOMSTE .......... 3**

**3 DOSENTE EN KONTAKBESONDERHEDE .......... 4**
3.1 Dosente .......... 4
3.2 Beskikbaarheid van dosent .......... 4
3.3 Administratiewe navrae .......... 4

**4 HULPBRONNE .......... 5**
4.1 Handboek .......... 5
4.2 Die studiegids .......... 5
4.3 Ander hulpbronne - gedrukte ondersteuningsmateriaal .......... 6

**5 STUDENTEONDERSTEUNINGSDIENSTE .......... 7**
5.1 Kontak met mede-studente: studiegroepe .......... 7
5.2 myUnisa .......... 7
5.3 Wat beteken dit om ten volle aanlyn te studeer? .......... 8

**6 STUDIEPLAN .......... 9**

**7 HOE DIE WERKOPDRAGSTELSEL werk .......... 10**
7.1 Werkopdragte en leer .......... 10
7.2 Navrae oor werkopdragte .......... 10
7.3 Inhandiging van werkopdragte .......... 9
7.4 Kommentaar en terugvoer oor werkopdragte .......... 11
7.5 Voorgestelde studieprogram .......... 11

**8 HOE DIE EKSAMENSTELSEL WERK .......... 13**
8.1 Eksamenadministrasie en semesterpunt .......... 13
8.2 Die eksamen .......... 14

**9 WERKOPDRAGVRAE .......... 15**
9.1 Werkopdrag 01 vir Semester 1 (verpligtend) .......... 16
9.2 Werkopdrag 02 vir Semester 1 (opsioneel) .......... 24
9.3 Werkopdrag 01 vir Semester 2 (verpligtend) .......... 32
9.4 Werkopdrag 02 vir Semester 2 (opsioneel) .......... 40


| **Let asseblief op die volgende:** |
|---|
| Hierdie studiebrief moet gelees word saam met die Study @ Unisa-brosjure en Studiebriewe ECSALL/301/3/2014 en ECSALL/302/3/2014.<br>Ons beveel dit aan dat u vir myUnisa registreer en dit gebruik (verwys na die my Studies @ Unisa-brosjure vir besonderhede) aangesien dit aan u direkte toegang tot belangrike inligting gee en daarmee kan u take verrig soos opdatering van u persoonlike inligting, werkopdragte in te dien, ontvangs van werkopdragte te bevestig, punte van werkopdragte te kry, eksamenroosters en -uitslae te kry, deelneem aan aanlynbesprekingsforums en nog vele meer. |

Beste Student

Welkom by Monetêre Ekonomie III.

# 1 INLEIDING

## 1.1 Studiemateriaal

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting oor die werkskema, hulpbronne en werkopdragte vir hierdie module. Lees dit asseblief noukeurig en raadpleeg dit wanneer nodig terwyl u deur hierdie studiemateriaal werk, u werkopdragte voorberei, vir die eksamen voorberei, en direkte vrae aan u dosente rig.

Hierdie studiebrief bevat verder die werkopdrag- en assesseringskriteria, asook instruksies vir die voorbereiding en indiening van die werkopdragte. Dit verskaf ook al die inligting wat u benodig oor die amptelike studiemateriaal, ander hulpbronne en hoe om dit te verkry. Bestudeer asseblief hierdie inligting deeglik en maak seker daarvan dat u die voorgeskrewe handboek so gou as moontlik bekom.

# 2 MODULEDOELWIT EN UITKOMSTE

Nadat u hierdie module voltooi het, behoort u ’n deeglike begrip te hê oor:

- finansiële markte en finansiële instrumente, en die betekenis van monetêre beleid
- rentekoerse, hoe rentekoerse en bates in die mark bepaal word en waarom rentekoerse verskil
- hoe finansiële struktuur die ekonomiese doeltreffendheid van markte aantas en hoe banke funksioneer
- die rol van die sentrale bank in die bankstelsel
- die basiese teoretiese vraagstukke onderliggend aan monetêre teorie, wat insluit die vraag na geld en die rol van monetêre beleid om inflasie te voorkom.

## 3 DOSENTE EN KONTAKBESONDERHEDE

### 3.1 Dosente

Die primêre dosent vir hierdie module is:

| | |
|---|---|
| **ECS3701** | **Mnr Cobus Vermeulen (module-leier)**<br>Tel.: 012 433 4639<br>E-pos: vermejc@unisa.ac.za<br>Kantoor: Klub 1-gebou,<br>Hazelwoodkampus, Kamer 2-35 |

Die volledige module-span sal aan die begin van die semester aan studente gekommunikeer word.

### 3.2 Beskikbaarheid van dosent

Die dosente vir hierdie module sal beskikbaar wees om telefoonoproepe oor akademiese sake te hanteer, en/of om aandag aan studente te gee wat persoonlike besoeke aangaande akademiese aangeleenthede te besoek. Die dae en tye waarop die dosente beskikbaar is sal in die module-blad op myUnisa aangekondig word. Hierdie dae en tye is onderworpe aan veranderinge van tyd tot tyd, ten einde by die dosente se werkskedule en ander verpligtinge aan te pas. Soos en wanneer dit gebeur, sal die veranderinge aan dae en tye vroegtydig deur middel van die **ANNOUNCEMENTS**-opsie op myUnisa gekommunikeer word. Studente word aangeraai om eers op die module-blad op myUnisa te kyk voordat oproepe gemaak word, en vernaam voor die dosente besoek word vir akademiese navrae/aangeleenthede.

### 3.3 Administratiewe navrae

Indien u enige administratiewe navrae het, kontak asseblief die departementele administratiewe koördineerder, me Mpho Mudau. Sy sal dan die navraag aan die betrokke dosent herlei. Haar kontakbesonderhede is soos volg:

**Me Mpho Mudau**
**Administratiewe koördineerder**
**Departement Ekonomie**
**Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:**
**Tel.: 012 433 4686**
**E-pos: lekwams@unisa.ac.za**

U dosente kan ongelukkig nie help met administratiewe navrae nie, bv. registrasies, eksamendatums, vrystelling van punte ens.

## 4 HULPBRONNE

U studiemateriaal vir hierdie module bestaan uit die volgende:

- ’n voorgeskrewe handboek
- ’n studiegids
- studiebriewe wat u van tyd tot tyd sal ontvang

Die versendingsafdeling van Unisa sal die studiegids en studiebriewe aan u verskaf. Kontak asseblief daardie departement as u probleme ondervind. U kan ook die studiegids en studiebriewe by myUnisa aflaai.

### 4.1 Handboek

Daar is een verpligte en voorgeskrewe handboek vir hierdie module. Hier volg die besonderhede:

Mishkin, FS. 2016. *Their year Monetary Economics for UNISA*. 1th edition. Boston: Pearson Cu stom.

**KRY ASSEBLIEF DIE VOORGESKREWE BOEK SO GOU AS MOONTLIK!**

Die voorgeskrewe boek vir ECS3701 word oorsee gepubliseer. Kry asseblief die boek **sodra u registreer**. Indien boekwinkels se voorraad uitverkoop raak, kan dit to drie maande kan duur vir nuwe voorraad om in te kom. Indien u enige probleme ervaar om die voorgeskrewe boek te kry, kontak die afdeling vir voorgeskrewe boeke by 012 429 4152 of e-pos vospresc@unisa.ac.za. U sal die name moet verskaf van boekwinkels wat u gekontak het en dan sal die personeel van die afdeling vir voorgeskrewe boeke ondersoek instel en probeer om die probleem op te los.

### 4.2 Die studiegids

Soos hierbo vermeld, word in hierdie module ’n voorgeskrewe boek gebruik. Die voordeel van ’n voorgeskrewe boek is dat dit konsepte en vraagstukke in detail verduidelik sodat die studiegidse nie al die basiese beginsels te volle hoef te verduidelik nie. U sal ervaar dat die handboek goed geskryf en deeglik gestruktureerd is.

Die doelwit van die studiegids is om:

- aan te dui watter hoofstukke en afdelings vir hierdie kursus voorgeskryf is
- aan te dui watter spesifieke onderwerpe en konsepte in die voorgeskrewe afdelings u moet verstaan
- waar nodig materiaal in te sluit wat die Suid-Afrikaanse situasie hanteer

Die studiegids bevat ook kort en lang vrae oor elke hoofstuk om u met u voorbereiding vir die eksamen te help.

### 4.3 Ander hulpbronne - gedrukte ondersteuningsmateriaal

Aangesien ons wil hê dat u in hierdie aanlynmodule suksesvol moet wees, verskaf ons ook party van die studiemateriaal in gedrukte formaat. Dit sal u in staat stel om die studiemateriaal te lees selfs wanneer u nie aanlyn is nie.

Hierdie gedrukte studiemateriaal sal aan die begin van die semester aan u gestuur word. U hoef egter nie te wag om dit te ontvang voordat u begin om te leer nie. Sodra u geregistreer het, kan u aanlyn aanteken en al u studiemateriaal sal daar wees. As gevolg hiervan is dit nie nodig om te wag voordat u met die module begin nie. Die materiaal wat ons aan u gaan stuur is bloot ’n hardekopie van die formele inhoud vir hierdie aanlynmodule. Met ’n hardekopie sal u ook baie van die studies vir hierdie module kan doen **sonder om** op die internet te wees of na ’n internetkafee toe te gaan. Dit sal u natuurlik geld spaar en u sal in staat wees om so lank te neem as wat nodig is om die materiaal te lees en weer te lees en die aktiwiteite te voltooi.
Dit is baie belangrik dat u gereeld op myUnisa aanteken. Ons beveel aan dat u dit minstens een keer per week of elke tien dae doen om te kyk vir die volgende:

- ***Kyk of daar nuwe aankondigings is.*** U kan ook u myLife-e-posrekening so opstel dat u die kennisgewings as e-pos op u selfoon ontvang.
- ***Voltooi die aktiwiteite op die besprekingsforum.*** Wanneer u die aktiwiteit vir elke eenheid doen, wil ons hê dat u dit met die ander persone in u groep deel. U kan die opdragte lees en selfs u antwoorde voorberei, maar u moet aanlyn wees om u boodskappe te plaas.
- ***Maak met u e-tutor kontak.*** ’n E-tutor sal aan u toegeken word om u **slegs** met die **inhoud** te help. Hulle is nie toegerus om u met enige administratiewe sake te help nie. Stel u module-inhoudgebaseerde vrae aan hulle en hulle sal aanlyn hulp verleen.
- ***Voltooi ander aanlynaktiwiteite.*** Vir party van die eenheidaktiwiteite is dit nodig om iets op die **Blog** te plaas, ’n vraelys te voltooi of om ’n opname in **Self-Assessment** te voltooi. Moenie hierdie aktiwiteite oorslaan nie, want dit sal u help om die werkopdragte en die aktiwiteite vir die module te voltooi.

Ons hoop dat hierdie stelsel u sal help om sukses in hierdie aanlynmodule te behaal deur aan u ekstra maniere te gee om die materiaal te leer en al die aktiwiteite te oefen. Onthou dat u gereeld aanlyn **MOET** gaan om die aktiwiteite en werkopdragte betyds te voltooi en om hierdie aanlynkursus ten volle te benut.

Onthou, die gedrukte ondersteuningsmateriaal is ’n rugsteun van alles wat aanlyn op myUnisa gekry word. Dit bevat geen ekstra inligting nie. **Met ander woorde, u hoef NIE vir die gedrukte ondersteuningsmateriaal te wag om op te daag voordat u begin leer nie.**

## 5 STUDENTEONDERSTEUNINGSDIENSTE

Vir inligting oor die verskeie studenteondersteuningstelsels en -dienste beskikbaar by Unisa (byvoorbeeld, studentevoorligting, tutorklasse, en taalondersteuning), raadpleeg asseblief Study @ Unisa.

### 5.1 Kontak met medestudente: studiegroepe

Ons beveel aan dat u met u medestudente kontak maak. Een manier om dit te doen, is om studiegroepe te vorm. U kan die adresse van studente wat in u area is by die volgende direktoraat verkry:

Direktoraat: Studenteadministrasie en -registrasie
Posbus 392
Unisa
0003

Kontak asseblief die KEBW se inligtingskoördineerder of volg die instruksies op myUnisa (kyk hieronder)

### 5.2 myUnisa

Indien u toegang het tot ’n rekenaar wat aan die internet gekoppel is, kan u vinnig toegang verkry tot hulpbronne en inligting by die universiteit. Die myUnisa-leerbestuurstelsel is Unisa se aanlynkampus wat u help om met u dosente, ander studente en die administratiewe departemente van Unisa te kommunikeer – alles deur die rekenaar en die internet.

U kan begin by die hoof-Unisa-webblad by http://www.unisa.ac.za en dan klik op die oranje myUnisa-skakel. Dit sal u na die myUnisa webtuiste neem. U kan ook direk toegang daartoe verkry deur https://my.unisa.ac.za in te sleutel. Wanneer op die myUnisa-webtuiste inteken, klik op die skakel **Claim Unisa login** regs op die skerm.

U sal dan gevra word om u studentenommer te verskaf om u aanvanklike myUnisa besonderhede, sowel as u myLife-aantekenbesonderhede te kry.

Besoek die myUnisa-webtuiste vir hierdie module gereeld en kyk onder **Additional Resources** vir enige items van belang wat moontlik gelaai is.

### 5.3 Wat beteken dit om ten volle aanlyn te studeer?

Die studie van modules wat ten volle aanlyn is, is heeltemal anders as die studie van u ander modules by Unisa.

- ***Al u studiemateriaal en leeraktiwiteite vir aanlynmodules is ontwerp om aanlyn op myUnisa aangebied te word.*** Alhoewel ons aan u ’n gedrukte kopie verskaf om u studies te ondersteun, is die module ontwerp om aanlyn aangebied te word.
- ***U moet u werkopdragte verkieslik aanlyn inhandig.*** Dit beteken dat u al u aktiwiteite aanlyn doen en al u werkopdragte op myUnisa inhandig. U kan ook u werkopdragte aan Unisa via die Suid-Afrikaanse Poskantoor pos.
- ***Al die kommunikasie tussen uself en die universiteit geskied aanlyn*** deur e-pos, in die besprekings en deur die e-tutors. U kan al hierdie metodes gebruik om vrae te vra en u dosente en e-tutors te kontak. Dit bereken ook dat u dosente op dieselfde manier met u sal kommunikeer – deur e-pos, met aankondigings, in besprekings en met vrae en antwoorde.

**Me Portia Ngcobo**
**Kollege Inligtingkoördineerder**
**Kollege vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**
**Tel.: 012 429 3925**
**E-pos: CEMSenquiries@unisa.ac.za**

## 6. STUDIEPLAN

Daar is ’n opsomming van die assesseringsplan vir die Departement Ekonomie in Studiebrief 301.

Die module-leier doen gewoonlik die assessering en, waar toepaslik, doen die modulespan en/of gekontrakteerde eksterne nasieners en eksaminatore dit. Die name van die eksaminatore sal ook op die eksamenvraestelle aangedui word.

Let asseblief daarop dat die aansoek vir en die administrasie van ’n hernasien van eksamenantwoordstelle alleenlik deur die eksamen-afdeling hanteer word en nie deur akademiese departemente nie.

’n Geïntegreerde assesseringstelsel word vir hierdie module gebruik. Dit beteken dat u finale punt van u eksamenpunt sowel as van u prestasie gedurende die semester afhanklik is. Deur gedurende die semester werkopdragte te voltooi en in te handig, verkry u toegang om die eksamen te skryf en ’n semesterpunt saam te stel. Die stelsel word hier onder meer volledig verduidelik.

U is welkom om duidelikheid te vra oor, of om konstruktiewe kommentaar te lewer op die module se assesseringstelsel. Indien moontlik, doen dit asseblief skriftelik deur middel van ’n e-pos, brief of faks.

## 7 HOE DIE WERKOPDRAGSTELSEL WERK

### 7.1 Werkopdragte en leer

Werkopdragte word as deel van die leermateriaal vir hierdie module gesien. Terwyl u ’n werkopdrag voltooi, die leestekste bestudeer, ander hulpbronne raadpleeg en die werk met medestudente of tutors bespreek, is u aktief met leer besig. Terwyl u na die assesseringskriteria en/of terugvoer kyk wat vir die werkopdragte gegee is, sal u beter verstaan wat van u verlang word.

### 7.2 Navrae oor werkopdragte

Indien u enige navraag oor werkopdragte het (bv. of die universiteit u werkopdrag ontvang het of nie, of wat die datum is waarop werkopdragte se uitslae uitgestuur of gepos is), rig asb. hierdie navrae aan die KEBW-inligtingskoördineerder. U sal ook inligting op myUnisa kry.

### 7.3 Inhandiging van werkopdragte

U kan Werkopdrag 01 op merkleesblaaie per pos of elektronies via myUnisa indien. Ons beveel egter aan dat u die werkopdragte elektronies inhandig. Die voordeel hiervan is dat u werkopdrag onmiddellik afgelewer word en dat dit nie in die pos kan verlore raak nie.

Om ’n werkopdrag via myUnisa in te handig:

- Gaan na myUnisa.
- Teken aan (log in) met u studentenommer en wagwoord.
- Kies die module.
- Klik op **Assignments** in die kieslys links.
- Klik op die werkopdragnommer wat u wil indien.
- Volg die opdragte op die skerm.

Werkopdragte wat per pos ingehandig word, moet geadresseer word aan:

Die Registrateur
Posbus 392
Unisa
0003

U mag nie werkopdragte per faks of e-pos inhandig nie.
Vir volledige inligting oor werkopdragte, raadpleeg Study@ Unisa.

## 7.4 Kommentaar en terugvoer oor werkopdragte

U sal in die opvolgende Studiebriewe 201 en 202 die regte antwoorde op die meerkeusevrae van onderskeidelik Werkopdragte 01 en 02 ontvang. Hierdie studiebriewe sal aan alle geregistreerde studente gestuur word en nie net aan die studente wat die werkopdragte ingedien het nie.

Aangesien die posstelsel stadig is, sal ons Studiebrief 202 slegs op myUnisa plaas in stede daarvan om dit te pos. Dit maak geen sin dat u Studiebrief 202 per pos ontvang twee weke nadat u u eksamen geskryf het nie!

Sodra u die terugvoer ontvang het, gaan asseblief u antwoorde na. Die werkopdragte en ons kommentare daarop lewer ’n belangrike bydrae tot die leerproses en behoort u te help om die studiemateriaal beter te verstaan.

## 7.5 Voorgestelde studieprogram

U kan nie op die laaste minuut vir hierdie module leer nie – u moet eenvoudig genoeg tyd toelaat om u begrip van die vraagstukke te ontwikkel. Daar is geen kortpaaie na sukses nie en daarom moet u gedurende die semester ywerig en konsekwent werk.

Om u te help om dit te doen, gee ons aan u die voorgestelde studieprogram hieronder. Dit sluit tyd vir voorbereiding van werkopdragte asook die datums vir inhandiging van die werkopdragte in. U kan die werkopdragte in afdeling 9 van hierdie studiebrief kry. Indien u die voorgestelde studieprogram volg, behoort u die hele sillabus in die beskikbare tyd te dek.

**Voorgestelde studieprogram vir ECS3701**

| | Week | Datum | Deel | Leereenheid/hede | Doeldatum |
|---|---|---|---|---|---|
| SEMESTER 1 | 1 | 5 Feb–9 Feb. | 1 | 1, 2 | |
| | 2 | 12 Feb–16 Feb. | 1, 2 | 3, 4 | |
| | 3 | 19 Feb–23 Feb | 2 | 5, 6 | |
| | 4 | 26 Feb–2 Mrt | 1, 2 | Voltooi en dien Werkopdrag 01 in | **2 Mrt** |
| | 5 | 5 Mrt–9 Mrt | 3 | 8, 9, 10, 11 | |
| | 6 | 12 Mrt–16 Mrt | 4 | 14, 15 | |
| | 7 | 19 Mrt–23 Mrt | 4 | 16, 17 | |
| | 8 | 26 Mrt–30 Maart | 3, 4 | Voltooi en dien Werkopdrag 01 in | |
| | 9 | 2 Apr–6 Apr | 6 | 20, 21 | **1 Apr** |
| | 10 | 9 Apr–13 Apr | 6 | 24 | |
| | 11 | 16 Apr–20 Apr | 6 | 25, 26 | |
| | 12 | 23 Apr– Eksamen | Alles | Hersiening | |

| | Week | Datum | Deel | Leereenheid/hede | Doeldatum |
|---|---|---|---|---|---|
| SEMESTER 1 | 1 | 23 Jul–27 Jul | 1 | 1, 2 | |
| | 2 | 30 Jul–3 Aug | 1, 2 | 3, 4 | |
| | 3 | 6 Aug–10 Aug | 2 | 5, 6 | |
| | 4 | 13 Aug–17 Aug | 1, 2 | Voltooi en dien Werkopdrag 01 in | **24 Aug** |
| | 5 | 20 Aug–24 Aug | 3 | 8, 9, 10, 11 | |
| | 6 | 27 Aug–31 Aug | 4 | 14, 15 | |
| | 7 | 3 Sep –7 Sep | 4 | 16, 17 | |
| | 8 | 10 Sep–14 Sep | 3, 4 | Voltooi en dien Werkopdrag 01 in | **29 Sep** |
| | 9 | 17 Sep–21 Sep | 6 | 20, 21 | |
| | 10 | 24 Sep–28 Sep | 6 | 24 | |
| | 11 | I Okt–5 Okt | 6 | 25, 26 | |
| | 12 | 8 Okt–Eksamen | Alles | Hersiening | |

## 8 HOE DIE EKSAMENSTELSEL WERK

Vir algemene inligting oor eksamens, raadpleeg Study@ Unisa…

### 8.1 Eksamenadministrasie en semesterpunt

Binne die konteks van die geïntegreerde assesseringstelsel is werkopdragte belangrik om toelating tot die eksamen te behaal en om ’n semesterpunt saam te stel. Die semesterpunt tel 20% van u finale punt.

Opdrag 01 is **verpligtend**. Dit bestaan uit 20 veelkeusevrae. Om vir die eksamen te kwalifiseer, **moet** u Werkopdrag 01 op of voor die doeldatum inhandig. Die punt wat u vir Werkopdrag 01 behaal, tel 40% van u semesterpunt.

Werkopdrag 02 is nie verpligtend nie maar ons beveel sterk aan dat u dit inhandig, aangesien die punt wat u vir Werkopdrag 02 behaal 60% van u semesterpunt sal tel. Dit bestaan ook uit 20 veelkeusevrae. Die inhandiging van Werkopdrag 02 verleen nie aan u toegang tot die eksamen nie – om toegang tot die eksamen te kry moet u Werkopdrag 01 inhandig.

U finale punt word soos volg bereken:

- semesterpunt (20%) + eksamenpunt (80%)

In die onderstaande tabel word ’n paar moontlike gevalle aangedui:

| Student | Semesterpunt | Eksamenpunt | Finale punt | Resultaat |
|---|---|---|---|---|
| A | 64% | 60% | = (64% x 0,2) + (60% x 0,8)<br>60,8% = **61%** | Slaag |
| B | 24% | 50% | = (24% x 0,2) + (50% x 0,8)<br>44,8% = **45%** | Aanvullende eksamen |
| C | 100% | 44% | = (100% x 0,2) + (44% x 0,8)<br>55,2% = **55%** | Slaag |
| D | 0% | 40% | = (0% x 0,2) + (40% x 0,8)<br>= **32%** | Druip |

Om hierdie module te slaag, moet u ’n finale punt van 50% of meer behaal.

- Indien u finale punt 50% of hoër is, sal u slaag.
- Indien u finale punt binne die omvang van 40%–49% val, sal u nie slaag nie. U sal egter vir ’n aanvullende eksamen kwalifiseer.
- Indien u finale punt minder as 40% is, sal u druip en weer vir die module moet registreer.

- Neem spesiale kennis van gevalle B en C in die tabel van voorbeelde hierbo. In geval B het die student gedruip selfs al het hy of sy die eksamen geslaag (50%), as gevolg van ’n swak semesterpunt (24%). In geval C het die student die eksamen gedruip (44%), maar het steeds geslaag danksy ’n uitstekende eksamenpunt.

**Semesterpunt**

U semesterpunt word gebaseer op die punte wat u vir Werkopdragte 01 en 02 gekry het. Soos reeds vermeld, word die werkopdragte verskillend geweeg: die eerste opdrag tel 40% van u semesterpunt en die tweede een tel 60%. U sal geen punte vir ’n werkopdrag ontvang as u dit nie inhandig nie of as u dit laat inhandig.

Die volgende voorbeelde illustreer hoe u semesterpunt bereken word:

**Student A**

| Werkopdrag | Punt | Punt % | Gewig | Bydrae tot semesterpunt | Eksamenkrediete |
|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 18/30 | 60 | 0,4 | 60% 0,4 x 24% | 1 |
| 02 | 24/30 | 80 | 0,6 | 80% 0,6 x 48%20 | 0 |
| Semesterpunttotaal | | | | 72% | |

**Student B**

| Werkopdrag | Punt | Punt % | Gewig | Bydrae tot semesterpunt | Eksamenkrediete |
|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 12/30 | 40 | 0,4 | 40% 0,4 x 16% | 1 |
| 02 | Laat ingehandig of nie ingehandig nie | 0 | 0,6 | 0% 0,6 x 0% | 0 |
| Semesterpunttotaal | | | | 16% | |

## 8.2 Die eksamen

Die eksamen bestaan uit ’n tweeuurvraestel. Om die vraestel binne die tydbeperking te beantwoord, moet u ’n goeie begrip hê van wat belangrik is. U moet kort, dog duidelike, antwoorde verskaf en ook u tyd deeglik beplan. Raadpleeg asseblief die studiegids vir meer besonderhede oor die eksamenvraestel.

Alles van die beste met u studies!

U dosente

## 9 WERKOPDRAGVRAE

Werkopdrag 01

- is **VERPLIGTEND**. Indien u nie hierdie werkopdrag inhandig nie, sal u nie toegelaat word om die eksamen te skryf nie.
- moet voor die doeldatum ingedien word. Ons stel voor dat u ’n afskrif van u antwoorde op Werkopdrag 01 hou as bewys van inhandiging ingeval u werkopdrag verlore raak.
- dra by tot u semesterpunt.
- bestaan uit 30 veelkeusevrae.10 vrae op die studenteprofiel.

Werkopdrag 02

- is opsioneel, maar dit dra 60% by tot u semesterpunt en dra derhalwe tot u finale punt by.
- bestaan uit 30 veelkeusevrae.

Daar is twee verskillende werkopdragte vir Semester 1 (verwys na afdelings 9.1 en 9.2) en twee werkopdragte vir Semester 2 (verwys na afdelings 9.3 en 9.4).

## 9.1 Werkopdrag 01 vir Semester 1 (verpligtend)

| **ECS3701** | Semester 1 |
|---|---|
| Unieke nommer | 829668 |
| Doeldatum | 5 Maart 2018 |
| Materiaal | Leereenhede 1–6 |

Vul u antwoorde op ’n werkopdragmerkleesblad in. Maak asseblief seker dat u ook die volgende afdelings op die werkopdragmerkleesblad invul:

- u naam, adres en **studentenommer.**
- die modulekode.
- **unieke werkopdragnommer** soos dit hierbo in die tabel aangedui word. Let op dat daar verskillende unieke nommers vir die eerste en tweede semesters is.

**Vrae oor monetêre ekonomie**

Hierdie vrae is op hoofstukke 1–6 gebaseer.

1.01 Kies die alternatief wat die stelling die beste voltooi of die antwoord is.

BBP wat met konstante pryse gemeet word, staan bekend as _____________.

[1] nominale BBP
[2] VPI
[3] reële BBP
[4]die BBP-deflator

1.02 Geld word gedefinieer as _____________.

[1] enige iets wat algemeen as betaling vir goedere en dienste of as terugbetaling van skuld aanvaar word
[2] die onerkende aanspreeklikheid van regerings
[3] wissels
[4] ’n risiko-vrye bewaarplek van koopkrag

1.03 As al die ander faktore dieselfde bly, sal ’n styging in rentekoerse op studentelenings __________.

[1] die koste vir studente wat geen lenings het nie, verhoog
[2] die koste van ’n universiteitsopleiding verhoog
[3] die koste van ’n universiteitsopleiding verlaag
[4] geen uitwerking op opleidingskoste hê nie

1.04 Banke en ander finansiële instellings raak betrokke by finansiële intermediasie, en dit _________.

[1] het geen uitwerking op ekonomiese prestasie nie
[2] behels leen by beleggers en uitleen aan besteders
[3] behels leen by beleggers en uitleen aan spaarders
[4] veroorsaak asimmetriese inligtingprobleme

1.05 As al die ander faktore dieselfde bly, sal ’n styging in rentekoerse veroorsaak dat uitgawes op behuising _________.

[1] styg
[2] óf styg óf daal, of dieselfde bly
[3] val
[4] onveranderd bly

1.06 Die proses waar finansiële tussengangers lae-risiko bates skep en verkoop en die opbrengs gebruik om bates met meer risiko’s te koop, word ________ genoem.

[1] risiko-deling
[2] risiko-afkering
[3] risiko-neutraliteit
[4] risiko-verkoping

1.07 Watter van die volgende stellings is korrek?

[1] Inflasiekoers word gemeet as die veranderingskoers in die begrotingstekort.
[2] Die totale prysvlak is sinoniem tot die inflasiekoers.
[3] Die gemiddelde prys van goedere en dienste in ’n ekonomie word die totale prysvlak genoem.
[4] Geldvoorraad word gedefinieer as die hoeveelheid note van die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat in omloop is.

1.08 As papiergeld deur die staat as regstender (*legal tender*) uitgegee word, moet dit regtens __________.

[1] papiergeld wees wat deur goud gerugsteun word
[2] ’n edelmetaal soos goud of silwer wees
[3] as betaling vir skuld aanvaar word
[4] in elektroniese betaling omgeskakel word

1.09 Watter een in die onderstaande lys is die grootste?

[1] Geldmark-depositorekening.
[2] Aanvraagdeposito’s
[4] M1
[4] M2

1.10 Geld het drie funksies en die een funksie wat geld van ander bates onderskei, is sy funksie as

[1] waardedraer
[2] ruilmiddel
[3] rekening-eenheid
[4] standaard van uitgestelde betaling

1.11 Die omskakeling van ’n ruilekonomie na een wat geld gebruik ___________.

[1] verhoog doeltreffendheid deur die behoefte om goedere en dienste te verruil, te verminder
[2] verhoog doeltreffendheid deur die behoefte om te spesialiseer te verlaag
[3] verhoog doeltreffendheid deur transaksiekoste te verminder
[4] verhoog nie ekonomiese doeltreffendheid nie

1.12 ’n Hiperinflasie is _____________.

[1] ’n tydperk van uiterste inflasie oor die geheel groter as 50% per maand
[2] ’n periode van kommer wat deur stygende pryse veroorsaak word
[3] ’n verhoogte uitset wat deur hoër pryse veroorsaak is
[4] deesdae onmoontlik as gevolg van strenger regulasies

1.13 ’n Nadeel van ___________ is dat dit baie swaar is en moeilik is om van een plak na ‘n ander te vervoer.

[1] kommoditeitgeld
[2] fiat-geld
[3] elektroniese geld
[4] papiergeld

1.14 ’n Kredietmarkinstrument wat aan die lener ’n hoeveelheid fondse verskaf wat op vervaldatum saam met ’n rentebedrag terugbetaal moet word, staan bekend as ___________.

[1] ’n eenvoudige lening
[2] diskonto-effek
[3] koepon-effek
[4] vastebetalinglening

1.15 Die probleem geskep deur asimmetriese inligting voor die transaksie plaasvind, word _________ genoem, terwyl die probleem wat geskep word nadat die transaksie plaasgevind het, bekend staan as __________________.

[1] simmetriese inligting; gratis-ry (*free-riding*)
[2] gratis-ry; duur staatverifikasie
[3] nadelige seleksie; morele gevaar
[4] morele gevaar; nadelige seleksie

1.16 ’n Situasie waarin die hoeveelheid effekte voorsien meer is as die hoeveelheid effekte wat gevra word, word ’n toestand van oormaatvoorsiening genoem; omdat mense _____ effekte wil verkoop as want ander mense wil koop, sal die pryse van effekte _____.

[1] minder; styg
[2] minder; daal
[3] meer; styg
[4] meer; daal

1.17 Die totaal van die huidige opbrengs en die kapitaalwinskoers word genoem:

[1] opbrengskoers
[2] afslag-opbrengs
[3] ewigdurende opbrengs
[4] pariwaarde

1.18 As al die ander faktore dieselfde bly, en aandeelpryse _______ ongestadig raak, sal die kromme vir effekte na _______ skuif en die rentekoers sal _________.

[1] minder; links; nie verander nie
[2] meer; regs; styg
[3] minder; links; daal
[4] meer; regs; daal

1.19 As al die ander faktore dieselfde bly, sal ’n styging in die verwagte inflasiekoers die verwagte opbrengs op effekte relatief tot die op ________bates __________.

[1] reële; verminder;
[2] reële; verhoog
[3] finansiële; verminder
[4] finansiële; verhoog

1.20 In Keynes se likiditeitsvoorkeurraamwerk __________________.

[1] moet die vraag vir effekte gelyk wees aan die aanbod van geld
[2] moet die vraag vir geld gelyk wees aan die aanbod van effekte
[3] ’n oormaat vraag vir effekte impliseer ’n oormaat vraag vir geld.
[4] ’n oormaat aanbod van effekte impliseer ’n oormaat vraag vir geld

**Tien vrae oor u studenteprofiel**

1.21 Watter van die onderstaande stellings is die meeste waar wat u huidige registrasie betref?

[1] Dit is my eerste registrasie.
[2] Ek het al tevore vir hierdie module geregistreer, maar ek het nooit die eksamen geskryf nie.
[3] Ek het een keer tevore die eksamen vir hierdie module geskryf
[4] Ek het twee tevore die eksamen vir hierdie module geskryf.
[5] Ek het drie of meer keer tevore die eksamen vir hierdie module geskryf.

1.22 In my matriekuitslae het ek: [studente wat nie ’n Suid-Afrikaanse matriek geslaag het nie moet asseblief die opsie kies wat die meeste relevant is].

[1] Wiskunde (hoërgraad) of ekwivalent met ’n C-simbool of hoër geslaag.
[2] Wiskunde (hoërgraad) of ekwivalent met ’n D-simbool of laer geslaag.
[3] Wiskunde (standaardgraad) of ekwivalent met ’n C-simbool of hoër geslaag.
[4] Wiskunde (standaardgraad) of ekwivalent met ’n D-simbool of laer geslaag.
[5] nie Wiskunde in matriek geneem nie of ek het dit gedruip.

1.23 In my matriekuitslae het ek: [studente wat nie ’n Suid-Afrikaanse matriek geslaag het nie moet asseblief die opsie kies wat die meeste relevant is]

[1] Engels (hoërgraad) of ekwivalent met ‘nC-simbool of hoër geslaag.
[2] Engels (hoërgraad) of ekwivalent met ’n D-simbool of laer geslaag.
[3] Engels (standaardgraad) of ekwivalent met ’n C-simbool of hoër geslaag.
[4] Engels (standaardgraad) of ekwivalent met ’n D-simbool of laer geslaag.
[5] nie Engels in matriek geneem nie of ek het dit gedruip.

1.24 Wat **een** van die onderstaande stellings beskryf u situasie die beste?

[1] Ek is ’n voltydse student wat glad nie werk nie.
[2] Ek is ’n voltydse student wat deeltyds vir ekstra sakgeld werk (nie om vir my studies te betaal nie).
[3] Ek is ’n voltydse student wat deeltyds vir ekstra sakgeld werk om vir my studies te betaal.
[4] Ek werk voltyds en studeer slegs na-ure, en die werk hou geensins met my graad verband nie.
[5] Ek werk voltyds en studeer slegs na-ure, en die werk hou geensins met my graad verband nie.

**Vrae oor administratiewe sake**

1.25 Wat dienslewering by die Departement Ekonomie betref:

[1] Ek het nog nooit probeer om die Departement Ekonomie te kontak nie.
[2] Ek het die departement gekontak, maar hulle was nie baie hulpvaardig nie.
[3] Ek het probeer om die departement telefonies te kontak, maar dit was nie suksesvol nie.
[4] Ek het probeer om die departement per e-pos te kontak, maar het nooit 'n antwoord ontvang nie.
[5] Ek het die departement gekontak en ek was tevrede met die diens.

**Vrae oor studiemateriaal en studieprogram**

1.26 Wat die studiegids betref:

[1] Die gedeelte(s) van die studiegids wat ek moes leer om hierdie werkopdrag te voltooi, het my gehelp om sistematies deur die handboek te werk.
[2] Die gedeelte(s) van die studiegids wat ek moes leer om hierdie werkopdrag te voltooi, het my nie gehelp om die studiemateriaal in die handboek beter te verstaan nie.
[3] Die gedeelte(s) van die studiegids wat ek moes leer om hierdie werkopdrag te voltooi, was heeltemal ontoepaslik op die vrae van die werkopdrag.
[4] Alhoewel ek een het, het ek die studiegids glad nie gebruik nie.
[5] Ek het nie 'n studiegids ontvang nie.

1.27 Beplan u om die groepbesprekingsklasse vir hierdie module by te woon?

[1] Ja
[2] Nee, ek kan op my eie regkom.
[3] Nee, ek moet werk.
[4] Nee, dit is te ver van my huis af.
[5] Nee, vir 'n ander rede.

**Vra oor toegang tot tegnologie**

1.28 Wat **een** van die onderstaande stellings beskryf u toegang tot SMS-boodskappe die beste?

[1] Ek kan SMS-boodskappe op my eie selfoon ontvang.
[2] Ek kan SMS-boodskappe ontvang op die selfoon van iemand wat by my bly.
[3] Ek kan SMS-boodskappe ontvang op die selfoon van iemand wat ek ken maar wat nie by my bly nie.
[4] Ek kan glad nie SMS-boodskappe ontvang nie.
[5] Ek weet nie wat ’n SMS-boodskap is nie.

1.29 Wat **een** van die onderstaande stellings beskryf u toegang tot ’n rekenaar die beste?

[1] Ek het onbeperkte toegang tot ’n rekenaar.
[2] Ek het toegang tot ’n rekenaar maar weet nie hoe om dit vir studiedoeleindes te gebruik nie.
[3] Ek moet betaal om ’n rekenaar te gebruik (byvoorbeeld, by ’n internet-kafee).
[4] Ek kan slegs ’n rekenaar as ’n guns gebruik.
[5] Ek het geen toegang tot ’n rekenaar nie.

1.30 Wat **een** van die onderstaande stellings is op u van toepassing?

[1] Ek het nie toegang tot internet of e-pos nie.
[2] Ek het toegang tot e-pos.
[3] Ek het toegang tot die internet.
[4] Ek het toegang tot beide die internet en e-pos.

## 9.2 Werkopdrag 02 vir Semester 1

| **ECS3701** | Semester 1 |
|---|---|
| Unieke nommer | 687488 |
| Doeldatum | 03 April 2018 |
| Materiaal | Leereenhede 8–26 |

Vul u antwoorde op ’n werkopdragmerkleesblad in. Maak asseblief seker dat u ook die volgende gedeeltes op die werkopdragmerkleesblad invul:

- u naam, adres en studentenommer
- die modulekode
- die unieke werkopdragnommer soos in die tabel hier bo aangedui. Let op dat daar verskillende unieke nommers vir die eerste en die tweede semesters se werkopdragte is.

Werkopdrag 02

- is opsioneel, maar dra 60% tot u semesterpunt by en dra dus tot u finale punt by.
- bestaan uit 30 meerkeusevrae.

Kies die een alternatief wat die stelling die beste voltooi of die vraag die beste beantwoord.

2.1 Van die vier bronne van eksterne befondsing vir niefinansiële ondernemings is _____ die een wat die minste in die Verenigde State van Amerika gebruik word.

[1] banklenings
[2] aandele
[3] effekte
[4] niebanklenings

2.2 Watter van die volgende is nie een van die agt basiese vraagstukke ten opsigte van die finansiële struktuur nie?

[1] Skuldkontrakte is gewoonlik uiters ingewikkelde regsdokumente wat wesenlike beperkings op die gedrag van die lener plaas.
[2] Daar bestaan baie min regulering ten opsigte van die finansiële stelsel.
[3] Aanvullende sekuriteit is ’n algemene kenmerk van skuldkontrakte vir huishoudings asook sakeondernemings.
[4] Indirekte finansiering, wat op die aktiwiteite van finansiële tussengangers betrekking het, is baie belangriker as direkte finansiering, waar sakeondernemings hul fondse direk van uitleners in finansiële markte bekom.

2.3 Deur die aandeleaankope van ’n klomp beleggers saam te bondel, kan onderlinge fondse misbruik maak van skaalbesparings en sodoende die _____ verlaag.

[1] transaksiekoste
[2] ongunstige seleksie
[3] morele risiko
[4] diversifikasie

2.4 ’n Lener wat ’n lening aangaan, het gewoonlik beter inligting oor die moontlike opbrengs en risiko van die beleggingsprojekte wat hy wil onderneem as die uitlener. Hierdie ongelykheid van inligting word _____ genoem.

[1] asimmetriese inligting
[2] morele risiko
[3] niegekollateraliseerde risiko
[4] ongunstige seleksie

2.5 Die kwessie wat die uitlener in die gesig staar, naamlik dat die lener bykomende risiko’s kan loop nadat hy of sy die lening ontvang het, word _____ genoem.

[1] transaksiekoste
[2] morele risiko
[3] diversifikasie
[4] ongunstige seleksie

2.6 Eksterne finansiering deur middel van _____ moet belangriker in ontwikkelende as in geïndustrialiseerde lande wees, omdat dit moeiliker is om inligting oor privaat firmas in ontwikkelende lande in die hande te kry.

[1] aandele
[2] effekte
[3] finansiële tussengangers
[4] direkte uitlening

2.7 Die prinsipaal-agent-probleem sal nie voorkom as die _____ van ’n firma oor volledige inligting oor die aksies van die _____ beskik nie.

[1] bestuurders; klante
[2] eienaars; bestuurders
[3] bestuurders; eienaars
[4] eienaars; klante

2.8 Een manier waarop die waagkapitaalfirma die meeloperprobleem kan vermy, is deur ...

[1] die firma wat leen, te verbied om sy bestuur te vervang.
[2] die verkope van ekwiteit in die firma aan enigiemand buiten die risikokapitaalfirma te verbied.
[3] lede te verbied om op die direksie te dien.
[4] aanvullende sekuriteit, gelykstaande met die waarde van die geleende fondse, te vereis.

2.9 Een moontlike rede vir stadiger groei in ontwikkelende en oorgangslande is ...

[1] die gebrek aan ongunstige seleksie en morelerisikoprobleme.
[2] omdat die rekeningkundige standaarde te streng is vir die banke om daaraan te kan voldoen.
[3] die swak skakel tussen die staat en finansiële tussengangers.
[4] dat kapitaal nie vir sy produktiefste gebruik aangewend mag word nie.

2.10 Die hoë groeikoers in China oor die afgelope 20 jaar toon ooreenkomste met die hoë groeikoers van _____ gedurende die 1950’s en 1960’s.

[1] die Verenigde State
[2] Meksiko
[3] Brasilië
[4] die Sowjetunie

2.11 ’n Finansiële krisis ontstaan wanneer ’n toename in asimmetriese inligting oor ’n ontwrigting in die finansiële stelsel ...

[1] die onsekerheid in die ekonomie verminder en markdoeltreffendheid verhoog.
[2] ekonomiese bedrywigheid verhoog.
[3] ruimte laat vir die meer doeltreffende gebruik van fondse.
[4] ernstige probleme met ongunstige seleksie en morele risiko veroorsaak, wat finansiële markte onbevoeg maak om fondse doeltreffend te kanaliseer.

2.12 Finansiële krisisse in gevorderde ekonomieë kan begin by ’n ...

[1] geldeenheidswanaanpassing.
[2] skulddeflasie.
[3] die wanbestuur van finansiële innoverings.
[4] ’n geldeenheidskrisis.

2.13 Wanneer finansiële tussengangers nie hefboomfinansiering toestaan nie (*deleverage*), kan firmas nie beleggingsgeleenthede befonds nie, wat lei tot ...

[1] ’n verhoogde geleentheid vir groei.
[2] ’n inkrimping van ekonomiese bedrywigheid.
[3] ’n ekonomiese bloeityd.
[4] ’n oproep om staatsregulering.

2.14 Faktore wat na alle waarskynlikheid ’n finansiële krisis in ontluikendemarklande kan veroorsaak, sluit ______ in.

[1] ’n buitelandsevalutakrisis
[2] ’n ernstige vergissing omtrent die finansiële bedryf
[3] ernstige fiskale wanbalanse
[4] dalings in buitelandse rentekoerse

2.15 Wanneer ’n nuwe deponeerder ’n lopende rekening by Eerste Nasionale Bank open, sal die bank se bates _____ en sy laste ...

[1] styg; styg.
[2] daal; styg.
[3] daal; daal.
[4] styg; daal.

2.16 Watter van die onderstaande stellings is primêre bekommernisse van die bankbestuurder?

[1] Om hoë vlakke van kapitaal te handhaaf en so die eienaars se opbrengs te maksimaliseer
[2] Om fondse teen ’n relatief hoë koste te bekom sodat winsgewende leningsgeleenthede verwesenlik kan word
[3] Om lenings aan leners toe te staan wat ’n lae rentekoers sal betaal maar swak kredietrisiko’s is
[4] Om voldoende reserwes te handhaaf ten einde die koste vir die bank as gevolg van deposito-uitvloeie te minimaliseer

2.17 Banke besit kapitaal omdat ...

[1] hoër kapitaal die opbrengs aan die eienaars verhoog.
[2] dit die waarskynlikheid van bankrotskap verhoog.
[3] die regulerende owerhede dit van hulle vereis.
[4] hoër kapitaal die opbrengs op ekwiteit verhoog.

2.18 Omstandighede wat waarskynlik tot ’n kredietkrisis tydens die globale finansiële krisis sal bydra, sluit ______ in.

[1] gereguleerde toenames in bankkapitaalvereistes
[2] toenames in reserwevereistes
[3] dalende rentekoerse wat rentekoersrisiko verhoog en meebring dat banke kies om meer kapitaal te hou
[4] kapitaaltekorte wat gedeeltelik deur dalende eiendomspryse veroorsaak is

2.19 Beskou vanuit die standpunt van _____, is spesialisering by lenings verrassend, maar dit maak volkome sin wanneer ’n mens die _____ in ag neem.

[1] ongunstige seleksie; diversifikasieprobleem
[2] morele risiko; diversifikasieprobleem
[3] diversifikasie; ongunstigeseleksieprobleem
[4] diversifikasie; morelerisikoprobleem

2.20 Deponeerders se gebrek aan inligting oor die gehalte van bankbates, kan tot _____ lei.

[1] bankpaniek
[2] batetransformasie
[3] opeenvolging
[4] die opbloei van banke

2.21 Reguleerders probeer om die risiko van bankbateportefeuljes te verminder deur ...

[1] ’n minimumrentekoers vas te stel wat banke op sekere bates kan verdien.
[2] banke aan te moedig om risikobates soos gewone aandele te hou.
[3] aanvullende sekuriteit vir alle lenings te vereis.
[4] die hoeveelheid lenings in sekere kategorieë of aan individuele leners te beperk.

2.22 Die drie spelers in die geldvoorraadproses sluit ___ in.

[1] banke, leners en die sentrale bank
[2] banke, deponeerders en leners
[3] banke, deponeerders en die Amerikaanse tesourie
[4] banke, deponeerders en die sentrale bank

2.23 Die monetêre basis minus die geldeenheid in sirkulasie is gelyk aan ...

[1] die niegeleende basis (*non-borrowed base*).
[2] die geleende basis.
[3] reserwes.
[4] afslaglenings.

2.24 Wanneer die Federale Reserweraad staatsobligasies by ’n bank koop, _____ reserwes in die bankstelsel en _____ die monetêre basis, gegewe dat alles anders konstant bly.

[1] styg; styg
[2] styg; daal
[3] daal; daal
[4] daal; styg

2.25 Indien die vereistereserweverhouding gelyk is aan 10%, kan ’n enkele bank sy lenings verhoog tot ’n maksimum bedrag gelyk aan ...

[1] 10% van sy oorskotreserwes
[2] 10 keer sy oorskotreserwes
[3] sy oorskotreserwes
[4] sy totale reserwes

2.26 Die formule vir die eenvoudige depositovermenigvuldiger kan uitgedruk word as ...

[1] $\Delta R = (1/rr) \times \Delta D$.
[2] $\Delta rr = (1/R) \times \Delta T$.
[3] $\Delta R = (1/rr) \times \Delta T$.
[4] $\Delta D = (1/rr) \times \Delta R$.

2.27 Die hoeveelheid reserwes verskaf, is gelyk aan ...

[1] vereiste reserwes plus geleende reserwes.
[2] totale reserwes minus vereiste reserwes.
[3] niegeleende reserwes plus geleende reserwes.
[4] niegeleende reserwes minus geleende reserwes.

2.28 _____ is die belangrikste monetêrebeleidsinstrument omdat dit die primêre determinant van veranderings in die ______ is, wat die hoofbron van skommelings in die geldvoorraad is.

[1] Opemarkbedrywighede; monetêre basis
[2] Veranderings in reserwevereistes; geldvermenigvuldiger
[3] Veranderings in reserwevereistes; monetêre basis
[4] Opemarkbedrywighede; geldvermenigvuldiger

2.29 Die wegspringplek om te verstaan hoe wisselkoerse bepaal word, is ’n eenvoudige idee wat _____ genoem word en wat sê: As twee lande ’n identiese produk vervaardig, moet die prys van die produk dieselfde wêreldwyd wees, ongeag in watter land dit vervaardig word.

[1] die wet van een prys
[2] Gresham se wet
[3] koopkragpariteit
[4] arbitrage

2.30 Volgens die teorie van portefeuljekeuse is die belangrikste faktor wat die vraag na binnelandse en buitelandse bates beïnvloed, die ______ op hierdie bates relatief tot mekaar.

[1] verwagte opbrengs
[2] likiditeit
[3] risiko
[4] rentekoers

### 9.3 Werkopdrag 01 vir Semester 2 (verpligtend)

| **ECS3701** | **Semester 2** |
|---|---|
| Unieke nommer | 728689 |
| Doeldatum | 20 Augustus 2018 |
| Materiaal | Leereenhede 1–6 |

Vul u antwoorde op ’n werkopdragmerkleesblad in. Maak asseblief seker dat u ook die volgende afdelings op die werkopdragmerkleesblad invul:

- U naam, adres en **studentenommer**.
- Die modulekode.
- Die unieke werkopdragnommer soos dit hierbo in die tabel aangedui word. Let op dat daar verskillende werkopdragvrae en verskillende unieke nommer vir die eerste en tweede semesters se werkopdragte is.

**Vrae oor monetêre ekonomie**

Hierdie vrae word op hoofstukke 1–6 gebaseer.

Kies die **een** alternatief wat die stellings die beste voltooi of die vraag beantwoord.

1.01 ’n Gewone aandeel is _______________.

[1] die verdienste en bates van ’n maatskappy
[2] ’n uitgawe
[3] ’n aandeel of eienaarskap in ’n korporasie
[4] ’n aanspreeklikheid

1.02 ’n Sakesiklus _______________.

[1] het geen uitwerking op ekonomiese prestasie nie
[2] behels leen by beleggers en uitleen aan spaarders
[3] Is die opwaartse beweging van die totale uitset in ’n ekonomie
[4] is die opwaartse en afwaartse beweging van die totale uitset in ’n ekonomie

1.03 Watter van die volgende stellings is korrek?

[1] Die gemiddelde prys van goedere en dienste in ’n ekonomie word die totale prysvlak genoem.
[2] Die totale prysvlak word gemeet as die veranderingskoers in die inflasiekoers.
[3] Die inflasiekoers word gemeet as die veranderingskoers in die begrotingstekort.
[4] Geldvoorraad word gedefinieer as die hoeveelheid note van die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat in omloop is.

1.04 Watter van die volgende is die basiese funksie van finansiële markte?

[1] Die verkoop van skuld en ekwiteite.
[2] Die oordrag van fondse vanaf spaarders na leners.
[3] Die aanbieding van direkte finansies.
[4] Die kanalisering van fondse vanaf leners na spaarders.

1.05 Watter van die volgende is die basiese funksie van finansiële markte?

[1] ’n Versekeringmark
[2] Skuld- en ekwiteitmark
[3] Geldmark
[4] Kapitaalmark

1.06 Watter van die volgende stellings is korrek?

[1] ’n Finansiële instrument kan slegs oor ’n kort termyn verhandel word.
[2] ’n Handelspapier se vervalperiode is langer as een jaar.
[3] Aandele en korporatiewe effekte is instrumente met vervalperiodes van meer as een jaar.
[4] Kapitaalmarkinstrumente word oor die korttermyn verhandel.

1.07 Die gebruik van geld as ’n rekening-eenheid ____________.

[1] versterk sy waardedraer
[2] verlaag transaksiekoste
[3] bevorder ekonomiese doeltreffendheid
[4] bespaar koopkrag

1.08 Watter van die volgende stellings is korrek?

[1] Inkomste is ’n vloei en welvaart is ’n aandeel.
[2] Geld verteenwoordig ’n vloei.
[3] Welstand word slegs saamgestel deur geld.
[4] ’n Effek is ’n voorbeeld van inkomste.

1.09 ’n Koepon-effek betaal die ________ van die effek ’n ________ rentepaaiement ________ tot by die vervaldatum.

[1] eienaar, variërende, elke maand
[2] koper, vasgestelde, eenmaal per jaar
[3] belegger, eenmalige, eenmaal per maand
[4] eienaar, vasgestelde, eenmaal per jaar

1.10 Die konsep ______ word gebaseer op die idee dat ’n rand wat in die toekoms aan jou betaal word, in die algemeen, minder werd is as ’n rand wat vandag aan jou betaal word.

[1] deflasie
[2] rente
[3] huidige waarde
[4] toekomstige waarde

1.11 Wat is die huidige waarde van R300 wat na 4 jaar betaalbaar is indien die rentekoers 10% is?

[1] R250
[2] R205
[3] R204
[4] R200

1.12 Indien die rentekoers _____, sal die prys van effekte _______.

[1] styg, styg
[2] daal, styg
[3] styg, dieselfde bly
[4] daal, dieselfde bly

1.13 Watter van die volgende is waar oor opbrengste en rentekoerse?

[1] Opbrengste is die toenames in die rentekoerse.
[2] Daar is geen verskil tussen opbrengste en rentekoerse nie.
[3] ’n Styging in rentekoerse sal goeie opbrengste op ’n effek gee omdat die prys van effekte gestyg het.
[4] Die opbrengs op ’n effek kan negatief wees as rentekoerse styg.

1.14 Indien Tony ’n effek gekoop het wat oor 30 jaar sou verval en die rentekoers styg van 10% tot 20%, het hy _______ ervaar.

[1] kapitaalverlies
[2] kapitaalwins
[3] goeie belegging
[4] geen verandering in opbrengs nie

1.15 Reële rentekoers ________.

[1] maak geen voorsiening vir inflasie nie
[2] is sinoniem tot nominale rentekoers
[3] reflekteer die ware koste van leen
[4] is nie vir inflasie aangepas nie

1.16 Watter van die volgende is die faktore wat die vraag vir bate bepaal?

[1] Welstand, risiko en likiditeit.
[2] Welstand en belegging.
[3] Staatstekort, verwagte inflasie en risiko.
[4] Likiditeit, risiko en belegging.

1.17 ’n Uitstippeling van die opbrengste op effekte met verskillende vervaltermyne, maar met dieselfde risiko, word ________ genoem.

[1] afwykingskromme
[2] opbrengskromme
[3] vraagkromme
[4] markekwilibriumkromme

1.18 Een van die drie teorieë wat die termynstruktuur van rentekoerse verduidelik is:

[1] Opbrengskromme-teorie
[2] Verwagtepryse-teorie
[3] Likiditeitsvoorkeur-teorie
[4] Gesegmenteerdemarkte-teorie

1.19 Rentekoersrisiko is die ___________.

[1] daling in opbrengste wees veranderinge in rentekoerse
[2] daling in opbrengste wees vermindering in rentekoerse
[3] veranderinge in opbrengste wees vermindering in rentekoerse
[4] styging in opbrengste wees vermindering in rentekoerse

1.20 Indien die opbrengskurwe opwaarts is, stel die verwagtingsteorie voor dat korttermyn rentekoerse na verwagting _______.

[1] sal styg
[2] sal daal
[3] dieselfde sal bly
[4] óf styg óf daal

**Tien vrae oor u studenteprofiel**

1.21 Watter een van die onderstaande stellings is die meeste waar wat u huidige registrasie betref?

[1] Dit is my eerste registrasie.
[2] Ek het al tevore vir hierdie module geregistreer, maar ek het nooit die eksamen geskryf nie.
[3] Ek het een keer tevore die eksamen vir hierdie module geskryf.
[4] Ek het twee tevore die eksamen vir hierdie module geskryf.
[5] Ek het drie of meer keer tevore die eksamen vir hierdie module geskryf.

1.22 In my matriekuitslae het ek: [studente wat nie ’n Suid-Afrikaanse matriek geslaag het nie moet asseblief die opsie kies wat die meeste relevant is].

[1] Wiskunde (hoërgraad) of ekwivalent met ’n C-simbool of hoër geslaag.
[2] Wiskunde (hoërgraad) of ekwivalent met ’n D-simbool of laer geslaag.
[3] Wiskunde (standaardgraad) of ekwivalent met ‘nC-simbool of hoër geslaag.
[4] Wiskunde (standaardgraad) of ekwivalent met ’n D-simbool of laer geslaag.
[5] nie Wiskunde in matriek geneem nie of ek het dit gedruip.

1.23 In my matriekuitslae het ek: [studente wat nie ’n Suid-Afrikaanse matriek geslaag het nie moet asseblief die opsie kies wat die meeste relevant is].

[1] Engels (hoërgraad) of ekwivalent met ’n C-simbool of hoër geslaag.
[2] Engels hoërgraad) of ekwivalent met ’n D-simbool of laer geslaag.
[3] Engels (standaardgraad) of ekwivalent met ’n C-simbool of hoër geslaag.
[4] Engels (standaardgraad) of ekwivalent met ’n D-simbool of laer geslaag.
[5] nie Engels in matriek geneem nie of ek het dit gedruip.

1.24 Wat een van die onderstaande stellings beskryf u situasie die beste?

[1] Ek is ’n voltydse student wat glad nie werk nie.
[2] Ek is ’n voltydse student wat deeltyds vir ekstra sakgeld werk (nie om vir my studies te betaal nie).
[3] Ek is ’n voltydse student wat deeltyds vir ekstra sakgeld werk om vir my studies te betaal.
[4] Ek werk voltyds en studeer slegs na-ure, en die werk hou geensins met my graad verband nie.
[5] Ek werk voltyds en studeer slegs na-ure, en die werk hou geensins met my graad verband nie.

**Vrae oor administratiewe sake**

1.25 Wat dienslewering by die Departement Ekonomie betref:

[1] Ek het nog nooit probeer om die Departement Ekonomie te kontak nie.
[2] Ek het die departement gekontak maar hulle was nie baie hulpvaardig nie.
[3] Ek het probeer om die departement telefonies te kontak, maar dit was nie suksesvol nie.
[4] Ek het probeer om die departement per e-pos te kontak, maar het nooit ’n antwoord ontvang nie.
[5] Ek het die departement gekontak en ek was tevrede met die diens.

**Vrae oor studiemateriaal en studieprogram**

1.26 Wat die studiegids betref:

[1] Die gedeeltes van die studiegids wat ek moes leer om hierdie werkopdrag te voltooi, het my gehelp om sistematies deur die handboek te werk.
[2] Die gedeelte(s) van die studiegids wat ek moes leer om hierdie werkopdrag te voltooi, het my nie gehelp om die studiemateriaal in die handboek beter te verstaan nie.
[3] Die gedeelte(s) van die studiegids wat ek moes leer om hierdie werkopdrag te voltooi, was heeltemal ontoepaslik op die vrae van die werkopdrag.
[4] Alhoewel ek een het, het ek die studiegids glad nie gebruik nie.
[5] Ek het nie ’n studiegids ontvang nie.

1.27 Beplan u om die groepbesprekingsklasse vir hierdie module by te woon?

[1] Ja
[2] Nee, ek kan op my eie regkom.
[3] Nee, ek moet werk.
[4] Nee, dit is te ver van my huis af.
[5] Nee, vir ’n ander rede.

**Vra oor toegang tot tegnologie**

1.28 Wat een van die onderstaande stellings beskryf u toegang tot SMS-boodskappe die beste?

[1] Ek kan SMS-boodskappe op my eie selfoon ontvang.
[2] Ek kan SMS-boodskappe ontvang op die selfoon van iemand wat by my bly.
[3] Ek kan SMS-boodskappe ontvang op die selfoon van iemand wat ek ken maar wat nie by my bly nie.
[4] Ek kan glad nie SMS-boodskappe ontvang nie.
[5] Ek weet nie wat ’n SMS-boodskap is nie.

1.29 Wat een van die onderstaande beskryf u toegang tot ’n rekenaar die beste?

[1] Ek het onbeperkte toegang tot ’n rekenaar.
[2] Ek het toegang tot ’n rekenaar maar weet nie hoe om dit vir studiedoeleindes te gebruik nie.
[3] Ek moet betaal om ’n rekenaar te gebruik (byvoorbeeld, by ’n internet-kafee).
[4] Ek kan slegs ’n rekenaar as ’n guns gebruik.
[5] Ek het geen toegang tot ’n rekenaar nie.

1.30 Wat een van die volgende is op u van toepassing?

[1] Ek het nie toegang tot internet of e-pos nie.
[2] Ek het toegang tot e-pos.
[3] Ek het toegang tot die internet.
[4] Ek het toegang tot beide die internet en e-pos.

## 9.4 Werkopdrag 02 vir Semester 2 (opsioneel)

| **ECS3701** | **Semester 2** |
|---|---|
| Unieke nommer | 748712 |
| Doeldatum | 17 September 2018 |
| Materiaal | Leereenhede 8–26 |

Vul u antwoorde op ’n werkopdragmerkleesblad in. Maak asseblief seker dat u ook die volgende afdelings op die werkopdragmerkleesblad voltooi:

- u naam, adres en studentenommer
- die modulekode
- die unieke werkopdragnommer soos in die tabel hier bo gegee word. Let op dat daar verskillende unieke nommers vir die eerste en tweede semesters se werkopdragte is.

Kies die een alternatief wat die stelling die beste voltooi of die vraag die beste beantwoord.

2.01 Watter van die onderstaande stellings is waar wat betref die eksterne bronne van finansiering vir niefinansiële sakeondernemings?

[1] Aandele is ’n relatief onbelangrike bron van finansiering vir hulle aktiwiteite.
[2] Die primêre manier om hulle aktiwiteite te finansier, is om bemarkbare sekuriteite uit te reik.
[3] Effekte is die onbelangrikste bron van eksterne fondse om hulle aktiwiteite te finansier.
[4] Om effekte direk aan huishoudings te verkoop, is ’n groot bron van befondsing vir sakeondernemings.

2.02 Watter van die volgende is een van die agt basiese vraagstukke oor finansiële struktuur?

[1] Om bemarkbare sekuriteite uit te reik, is die primêre manier vir ondernemings om hulle bedrywighede te finansier.
[2] Direkte finansiering, wat die aktiwiteite van finansiële tussengangers insluit, is baie belangriker as indirekte finansiering, wanneer ondernemings fondse direk van uitleners in finansiële markte bekom.
[3] Banke is die belangrikste bron van eksterne fondse om sakeondernemings te finansier.
[4] Effekte is die onbelangrikste bron van finansiering vir sakeondernemings.

2.03 Die doel met die regulering van finansiële markte is hoofsaaklik om ...

[1] die voorsiening van inligting aan aandeelhouers, deponeerders en die publiek te bevorder.
[2] te waarborg dat die maksimum rentekoerse op deposito's betaal word.
[3] die wins van finansiële instellings te beperk.
[4] mededinging tussen finansiële instellings te verhoog.

2.04 Aanvullende sekuriteit is ...

[1] 'n eenvoudige skuldbewys wat op 'n stuk papier geskryf kan word.
[2] 'n tipiese regsdokument wat sekere aktiwiteite spesifiseer waarby die lener betrokke kan raak.
[3] bates wat aan 'n uitlener in pand gegee is om betaling te waarborg.
[4] ongedekte skuld.

2.05 Die meeloperprobleem ontstaan omdat ...

[1] mense wat vir inligting betaal, dit kwistig gebruik.
[2] mense wat nie vir inligting betaal nie, dit gebruik.
[3] dit nooit winsgewend is om inligting te produseer nie.
[4] inligting nooit teen enige prys verkoop kan word nie.

2.06 Watter van die onderstaande is NIE een van die faktore wat finansiële krisisse veroorsaak nie?

[1] fiskale wanbalanse
[2] buitelandse-valutakrisis
[3] onsekerheid wat toeneem
[4] 'n bankkrisis

2.07 Banke verdien wins deur _____ met aantreklike kombinasies van likiditeit, risiko en opbrengs te verkoop en gebruik die opbrengs om ______ met 'n ander stel kenmerke te koop.

[1] laste; bates
[2] lenings; deposito's
[3] bates; laste
[4] sekuriteite; deposito's

2.08 Omdat die waarskynlikheid groot is dat leners, nadat hulle ’n lening bekom het, in hoërisiko-beleggingsprojekte sal belê, staar banke die _____ in die gesig.

[1] suurlemoenprobleem
[2] ongunstigekredietrisikoprobleem
[3] ongunstigeseleksieprobleem
[4] morelerisikoprobleem

2.09 Wanneer banke betrokke by handelsbedrywighede probeer om markte korrek te voorspel, ...

[1] diversifiseer hulle.
[2] spekuleer of bespiegel hulle.
[3] raak hulle by risikovrye arbitrage betrokke.
[4] voorspel hulle.

2.10 ’n R10 miljoen deposito-uitvloei van ’n bank het die onmiddellike uitwerking ...

[1] om deposito’s en sekuriteite met R5 miljoen te verminder.
[2] om deposito’s en kapitaal met R10 miljoen te verminder.
[3] om deposito’s en reserwes met R10 miljoen te verminder.
[4] om deposito’s en lenings met R5 miljoen te verminder.

2.11 Die saak vir die onafhanklikheid van federale reserwes, sluit nie die idee in dat ...

[1] politieke druk ’n inflasiegeneigdheid aan monetêre beleid verleen nie.
[2] ’n polities geïnsuleerde Federale Reserweraad (FED) meer besorg oor langtermyndoelwitte sal wees en dus nie ’n gesonde dollar en ’n stabiele prysvlak sal verdedig nie.
[3] ’n federale reserwe wat deur die Kongres of die president beheer word, die sogenaamde politieke sakesiklus duideliker kenbaar sal maak nie.
[4] beleid altyd beter deur ’n elitegroep soos die FED uitgevoer word nie.

2.12 Watter van die volgende is nie ’n funksie van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) nie?

[1] Die SARB het die alleenreg om banknote en munte uit te reik.
[2] Die SARB tree as ’n bankier vir die staat op.
[3] Die SARB red altyd handelsbanke van bankrotskap.
[4] Die SARB bestuur buitelandsevalutareserwes.

2.13 Indien 'n lid van die niebankpubliek 'n staatseffek aan die SARB in ruil vir valuta verkoop, sal die monetêre basis _____, terwyl ...

[1] styg; die geldeenheid in sirkulasie onveranderd sal bly.
[2] onveranderd bly; die reserwes styg.
[3] onveranderd bly; die reserwes daal.
[4] styg; die reserwes onveranderd bly.

2.14 Beide _____ en _____ is monetêre laste van die SARB.

[1] geldeenheid in sirkulasie; reserwes
[2] staatsekuriteite; reserwes
[3] staatsekuriteite; afslaglenings
[4] geldeenheid in sirkulasie; afslaglenings

2.15 Die algemeenste definisie wat monetêrebeleidmakers vir die prysstabiliteit gebruik, is ...

[1] lae en stabiele deflasie.
[2] 'n inflasiekoers van nul persent.
[3] hoë en stabiele inflasie.
[4] lae en stabiele inflasie.

2.16 Indien die vereiste reserwekoers 10% is, is die geldeenheid in sirkulasie $400 miljard, die kontroleerbare deposito's is $800 miljard en die oorskotreserwes se totaal is $0,8 miljard; die geldvoorraad is dus …

[1] $1 200.
[2] $1 200,8.
[3] $8 000.
[4] $8 400.

2.17 Indien die vereiste reserwekoers 5,0% is, is die eenvoudige depositovermenigvuldiger …

[1] 5,0.
[2] 20,0.
[3] 0,05.
[4] 40,0.

2.18 Wanneer die SARB ’n staatseffek by ’n bank koop, sal reserwes in die bankstelsel _____ en die monetêre basis _____ as alles anders konstant bly.

[1] styg; daal
[2] styg; styg
[3] daal; styg
[4] daal; daal

2.19 Reserwes is gelyk aan die som van die ...

[1] vereiste reserwes en oorskotreserwes.
[2] vereiste reserwes en brandkluiskontantreserwes.
[3] oorskotreserwes en brandkluiskontantreserwes.
[4] brandkluiskontantreserwes en totale reserwes.

2.20 As alles anders konstant bly, sal ’n styging van die vereiste reserwekoers op kontroleerbare deposito’s meebring dat ...

[1] die geldvoorraad styg.
[2] die geldvoorraad konstant bly.
[3] die geldvoorraad daal.
[4] kontroleerbare deposito’s styg.

2.21 Die akkommodasiebeleid benadeel die geldvoorraad deurdat dit die hoeveelheid _____ en die _____ beïnvloed.

[1] oorskotreserwes; geldvermenigvuldiger
[2] oorskotreserwes; monetêre basis
[3] geleende reserwes; monetêre basis
[4] geleende reserwes; geldvermenigvuldigers

2.22 Die FED gebruik drie beleidsinstrumente om die geldvoorraad te manipuleer: ____, wat reserwes en die monetêre basis beïnvloed; verandering in die _____, wat die monetêre basis beïnvloed; en veranderinge in die ____ wat die geldvermenigvuldiger beïnvloed.

[1] geleende reserwes; opemarkbedrywighede; grensvereistes
[2] opemarkbedrywighede; geleende reserwes; reserwevereistes
[3] opemarkbedrywighede; geleende reserwes; grensvereistes
[4] geleende reserwes; opemarkbedrywighede; reserwevereistes

2.23 Die SARB se uitlener-in-laaste-instansie-funksie ...

[1] kan nie lopies deur groot deponeerders verhoed nie.
[2] is nie meer nodig nie vanweë nuwe finansiële regulasies.
[3] het bewys dat dit ondoeltreffend is.
[4] skep ’n morelerisikoprobleem.

2.24 Watter van die onderstaande is nie op Suid-Afrika van toepassing nie?

[1] Die SARB gebruik opemarkbedrywighede om ’n likiditeitstekort te handhaaf.
[2] Die meerderheid opemarkbedrywighede in Suid-Afrika bestaan uit transaksies in langtermynstaatseffekte.
[3] Sedert 1998 het die Reserwebank ook SARB-skuldbriewe vir opemarkbedrywighede uitgereik.
[4] Opemarkbedrywighede raak die hoeveelheid geleende reserwes.

2.25 ’n Afname in _____ verhoog die geldvoorraad aangesien dit meebring dat die ______ styg.

[1] reserwevereistes; monetêre basis
[2] reserwevereistes; geldvermenigvuldiger
[3] grensvereistes; monetêre basis
[4] grensvereistes; geldvermenigvuldiger

2.26 Die monetêrebeleidstrategie wat op ’n stabiele geld-inkome-verhouding staatmaak, staan bekend as ...

[1] wisselkoersteikening.
[2] monetêre teikening.
[3] inflasieteikening.
[4] die implisiete nominale anker.

2.27 Die tyd-inkonsekwentheid-probleem met monetêre beleid sê vir ons dat indien beleidmakers die diskresionêre beleid gebruik, daar ’n groter waarskynlikheid is dat die ____ hoër sal wees, in vergelyking met beleidmakers wat ’n gedragsreël toepas.

[1] inflasiekoers
[2] rentekoers
[3] werkloosheidskoers
[4] buitelandse wisselkoers

2.28 Watter van die volgende kriteria hoef nie bevredig te word om ’n tussenteiken te kies nie?

[1] Die veranderlike moet meetbaar wees.
[2] Die veranderlike moet beheerbaar wees.
[3] Die veranderlike moet voorspelbaar wees.
[4] Die veranderlike moet vervoerbaar wees.

2.29 Wat het in Nieu-Seeland sowel as in Kanada met die werkloosheidskoers gebeur nadat die lande inflasieteikening aanvaar het?

[1] Die werkloosheidskoers het skerp gestyg.
[2] Die werkloosheidskoers het konstant gebly.
[3] Die werkloosheidskoers het na ’n skerp styging wesenlik gedaal.
[4] Die werkloosheidskoers het direk nadat die inflasieteikens aanvaar is, skerp gedaal.

2.30 Watter van die onderstaande is nie ’n voordeel van inflasieteikening nie?

[1] Daar is ’n onmiddellike teken dat die teiken bereik is.
[2] Inflasieteikening verminder die gevolge van inflasieskokke.
[3] Daar is eenvoud en duidelikheid omtrent die teiken.
[4] Inflasieteikening maak nie op ’n stabiele geld-inflasie-verhouding staat nie.